# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

# MA Archaeologie (01250177)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Duur van studie** | 1 jaar | | |
| **Totale krediete** | 180 | | |
| **Kontak** | Dr A Antonites | alexander.antonites@up.ac.za | +27 (0)124206490 |
| | Prof I Pikirayi | innocent.pikirayi@up.ac.za | +27 (0)124204661 |

## Programinligting

• Die studie moet binne vier jaar na eerste registrasie vir die graad voltooi word. Die verhandeling bestaan uit ongeveer 30 000-50 000 woorde en is gebaseer op ’n navorsingsvoorstel goedgekeur deur die Fakulteit Geesteswetenskappe se Nagraadse en Navorsingsetiekkomitee. (Kyk die vereiste vir die voorbereidende jaar).

• Die volgende word ook van studente verwag: (a) om een uitreik-aktiwiteit vir elke semester wat hulle geregistreer is te doen; (b) om aan die departementele seminaarreeks deel te neem; en (c) om ’n museumuitstalling van hul verhandelingsnavorsing te maak; en (d) aan die einde van hul studie ’n artikel, gebaseer op hul navorsing, by ’n geakkrediteerde joernaal in te dien.

• Studente moet voor die einde van die magisterprogram minstens agt weke se veldwerk voltooi en moet vaardigheid oor basiese en intermediêre veldwerktegnieke toon.

## Toelatingsvereistes

- ’n Honneursgraad in Argeologie of verwante dissipline met minstens 60%. In konsultasie met die departementshoof kan daar van aansoekers met minder as 60% en wat die baccalaureusgraad by ’n ander tersiêre instansie verwerf het verwag word om ’n toelatingseksamen tot die bevrediging van die programbestuurder te voltooi.
- Studente wat nie die oor die vereiste vlak van taalvaardigheid in Engels beskik nie, moet ’n addisionele module (TTS 751 Akademiese skryfvaardigheid) neem.

## Addisionele vereistes

Studente wat nie die oor die vereiste vlak van taalvaardigheid in Engels beskik nie, moet ’n addisionele module (TTS 751 Akademiese skryfvaardigheid) neem.

# Kurrikulum: Finale jaar

## Kernmodules

### Verhandeling: Argeologie 890 (AGL 890)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 240.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Antropologie en Argeologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Gedetaileerde en in-diepte ontleding en bespreking van ’n onderwerp van argeologiese belang, gebaseer op ’n goedgekeurde navorsingsvoorstel en etiese klaring. 30 000 – 50 000 woord verhandeling gebaseer op primêre veldwerk navorsing en ander relevante navorsingsbronne wat ’n gespesialiseerde kennis van die argeologiesenavorsingsproses toon. Terwyl navorsingsbevindinge negatief mag wees, moet die meestersverhandeling metodiek gedetailleerd en herhaalbaar wees. Die verhandeling moet die kandidaat se bekwaamheid demonstreer om strategieë te formuleer op konteks-spesifieke sowel as abstrakte konsep probleme. Die navorsingsproses moet ten volle aanspreeklik wees en moet sensitiwiteit toon in ’n na-koloniale werkskonteks. ’n Weergawe of gedeelte van die verhandeling moet vir publikasie in ’n geakkrediteerde joernaal ingehandig word.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.